

10 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Samuel 19:9-39

Fokusgedeelte: 2 Samuel 19:15-23

Semeï-berou

Dis verstaanbaar dat Semeï Dawid met groot haas tegemoet gegaan het. Hy het hom sleg misreken! Toe hy Dawid so gevloek het (2 Sam 16:5-8), het Semeï hom ondubbelsinnig by die rebelle geskaar. Dit is hoogverraad! Maar noudat Dawid seëvierend terugkeer na Jerusalem, het die prentjie onverwags verander. Semeï het Dawid haastig met 'n indrukwekkende gevolg tegemoet gegaan. Hy het met die nederigste verskoning denkbaar gekruip! Maar Dawid weet: hierdie Semeï-berou is bloot om sy eie vel te red.

Ware berou ontspring uit 'n hart vol ootmoed teenoor die Here. Alle sonde is eerstens ongehoorsaamheid aan God (Ps 51:6). Van berou teenoor die Here lees ons hier niks. Semeï se 'nederige' apologie is ook nie eg nie. Op 'n slinkse wyse plaas hy Dawid onder druk met die groot groep mense wat hy saamgebring het. Dawid kon op daardie stadium nie verdere verdeeldheid bekostig nie. Semeï het daarop gereken maar hy het Dawid nie geflous nie. Dawid gee aan sy opvolger, Salomo, opdrag om met Semeï te handel soos hy goeddink.

Jy maak ook foute: soms moedswillig, soms onwetend. 'n Volwasse gelowige moet dikwels sy sonde bely en om verskoning vra. Geveinsde berou getuig nie van gesindheidsverandering nie. Dit herstel ook nie jou verhouding met God óf jou medemens nie.

Dink goed voordat jy sê: "Ek is jammer!" Is dit eg?

Bely dit voor God as jy iemand verontreg het (Ps 51:6,19; 1 Joh 2:1,2) en vra opreg om verskoning (Jak 5:16). Dít werk!

Sing: Psalm 32:3

Ds APC Duvenage (Emeritus)